

13

ONS ANTWOORD IN DIE EREDIENS MET GEBED EN SANG

Erediens

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet begryp dat ons in die erediens met God praat deur ons sang en gebed.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet weet –

- dat God met ons praat in die erediens deur Skriflesing, prediking en nog meer; en
- dat ons antwoord met sang, gebed en nog meer.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet bly wees dat God met hulle kom praat in die erediens.

Vaardigheid

Die kinders en ouers is in staat om voortaan aktief deel te neem aan elke erediensdeel.

MEER INLIGTING (Psalm 150)

Die volk Israel het gereeld in die tempel bymekaargekom om die Here te dank en prys. Ons doen amper iets soortgelyk wanneer ons as 'n gemeente saam in die kerk is op Sondag.

Psalm 150 vertel vir ons wat gebeur het tydens die samekoms in die tempel. In Psalm 150 word almal opgeroep om God te prys op enige manier wat vir hulle moontlik is. Hulle moet die Here loof met sang en musiek. Dit is die manier waarop hulle met God praat wanneer hulle so bymekaar is. Alles en almal aan wie God die lewe gegee het, moet Hom prys vir sy grootheid. Ons is deel van dit wat God gemaak het. Wat meer is, daar bestaan 'n besondere verhouding tussen ons en God (kyk Lesse 1 en 2). In hierdie besondere verhouding tussen ons en God praat Hy met ons. Hy doen dit op verskillende maniere, maar veral op twee maniere – deur die Bybel, en die preek wat ons Sondag in die kerk hoor.

'n Erediens is 'n gesprek tussen ons en God. Dit is nie God wat alleen praat nie. Ons praat ook. Ons antwoord op dit wat God vir ons deur die Bybel en deur die preek sê. Die manier waarop ons antwoord, is met ons gebed en sang. So neem ons deel aan die erediens en is ons nie net toeskouers soos mense wat op 'n pawiljoen sit en kyk na dit wat voor hulle aan die gebeur is nie. Ons is deel van die gesprek tussen God en ons omdat daar 'n spesiale verhouding bestaan tussen God en ons.

In enige verhouding praat mense met mekaar. As mense wat in 'n verhouding met mekaar staan nie met mekaar praat nie, gaan daardie verhouding nie hou nie. Dink byvoorbeeld aan die verhouding tussen jou en jou maats. Wie praat in daardie verhouding? Jy en jou maat. Hoe het julle mekaar leer ken? Julle het met mekaar gepraat en mekaar uitgevra: *Wat is jou naam? Waar woon jy? Waarvan hou jy en waarvan hou jy nie?* So het julle mekaar leer ken. As daar in die verhouding tussen jou en jou maats net van een kant af gepraat is, sou julle mekaar nie kon ken nie. Stel jou voor dat jou maat jou nie geantwoord het nie toe julle mekaar ontmoet het en jy vir hom of haar gevra het: *Wat is jou naam? Waar kom jy vandaan? Waarvan hou jy en waarvan hou jy nie? Hoe oud is jy?* Julle sou mekaar nie kon leer ken nie. Julle sou mekaar nie kon verstaan nie, en julle sou niks van mekaar geweet het nie.

Nog 'n voorbeeld is die verhouding tussen jou en jou ouers. As jy nooit vir hulle vertel wat jy nodig het vir skool of dat jy rugbystewels of 'n hokkiestok nodig het om jou sport te beoefen nie, gaan hulle dit nie weet nie. As jy nie vir hulle vertel hoe dit in die skool gaan en of daar dalk iets is waarmee jy sukkel of wat jy nie verstaan nie, gaan hulle jou nie kan help nie.

Dit is nodig dat ons met mekaar praat. Wanneer ons met mekaar praat, kan ons vir mekaar vertel dat ons hartseer is, en ons kan getroos word. Ons kan vir mekaar dankie sê vir vriendskap. Ons kan vir mekaar vertel wanneer ons bly is en deel in mekaar se blydskap. Ons kan ook vir mekaar om verskoning vra wanneer ons verkeerd gedoen het. So sorg ons dat dinge tussen ons weer reg is en dat ons kan vergeet wat gebeur het.

Net so is dit nodig dat ons in ons verhouding met God ook met Hom praat, en nie net Hy met ons nie. In die erediens praat God met ons deur die Bybel en die preek, en ons antwoord met ons gebed en sang. Daarom moet ons saam sing in die erediens en ook in ons harte saam bid. Ons kan ook voordat die erediens begin saggies in ons harte bid en so met God praat en vir Hom vra om ons te help dat ons kan hoor wat Hy deur die Bybel en deur die preek vir ons wil sê.

Wanneer ons deur te sing met God praat, loof ons Hom daarmee en sê ons dankie dat Hy goed is vir ons. Ons bely ook ons skuld en sê dat ons soms aan Hom ongehoorsaam is en jammer voel daarvoor, en vra dat Hy ons daarvoor sal vergewe. Ons bely wanneer ons sing dat ons vir God lief is en dat ons bly is Hy sorg vir ons. Ons sê met ons sang dat ons glo God sorg vir ons en dat ons nie sonder Hom kan lewe nie.

Dit is nodig dat ons ook met God sal praat, anders sal die verhouding tussen ons en God seer kry en later dalk tot niet gaan. Sing saam en bid saam in die erediens. Dit is die manier waarop ons met God praat omdat Hy met ons praat.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Onthou dat al die kinders in die gemeente gereed moet wees om in die erediens te sing. Die dominee moet by die aankondiging van die lied klem daarop lê dat dit ons antwoord is op God se Woord.
- Net nadat julle geopen het, word die kinders alleen buite toe geneem. Verduidelik dat wanneer hulle ouers in die klas vir hulle die vrae in die boek vra, hulle tjoepstil moet bly – niks antwoord nie!

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 158: 1 en 3 as gebed.

*Bring my na u woning, Here,
laat my daar voor U verskyn
waar ek lofsing U ter ere,
waar u guns oor my kan skyn.
Laat my in u glansend lig
neerbuig voor u aangesig.
Here, heilig U my denke,
laat u woorde my steeds dring
dat ek met my blye klanke
singend aan U hulde bring.
Sang en lied is my geskenk
as ek, Here, U gedenk. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Laat hulle hulle ouers *laat toets skryf*. Hulle lees die vraag in hulle gekleurde vraestel, en kyk of hulle ouers die antwoord net so goed soos hulle ken.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Begin deur die volgende twee vrae vir die kinders en ouers te vra:

- Wanneer julle by julle vriende en maats kuier, praat julle met mekaar, of praat net hulle of net julle?
- Sal julle julle vriende regtig kan ken as hulle nie met julle mag praat nie en nie mag antwoord wanneer julle hulle vrae vra om hulle beter te leer ken nie?

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING op 'n interessante wyse oor.

IETS BELANGRIK

Lees Psalm 150 gevoelvol voor. Skerp die volgende in:

- Ons neem deel aan die erediens met ons sang en gebed.
- Dit is hoe ons antwoord as ons God se Woord gehoor het.
- Kommunikasie moet in enige verhouding van twee kante af kom.

Neem die kinders buitentoe en sê dat hulle tjoepstil moet bly as hulle ouers die vrae vra.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders en hulle ouers gesprek voer met mekaar. Die ouers moet die volgende vrae aan hulle kinders vra, en die kinders mag nie die vrae antwoord nie:
 - Is daar iets wat jy nodig het vir skool?
 - Is daar iets wat jy nodig het vir jou sport?
 - Wat is jou maat by die skool se naam?
 - Wat is die onderwyser wat vir jou wiskunde gee se van?
 - Wanneer skryf julle weer 'n toets?
- Nadat die kinders hierdie vrae nie beantwoord het nie, moet die kategeet dieselfde vrae met betrekking tot die kinders aan die ouers vra, byvoorbeeld: Wat het jou kind nodig vir die skool? Die punt moet beklemtoon word dat die ouers sou weet wat die antwoorde op hierdie vrae is indien die kinders dit geantwoord het. Nou weet hulle niks, want die kinders het nie geantwoord nie. Beklemtoon dat daar in enige verhouding van twee kante af gepraat moet word om te verseker dat dinge in daardie verhouding vlot loop. So ook in die erediens: God praat en ons antwoord – ons praat, en God antwoord.
- Dieselfde gedagte kan van toepassing gemaak word op ons verhouding met God deur 'n lied in die Liedboek te soek wat pas by vanoggend se preek. Sê ook hoe hierdie lied kan dien as antwoord op die boodskap wat jy vanoggend tydens die erediens uit die Bybel en preek gekry het.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle elke dag wanneer hulle huisgodsdienste hou, 'n lied uit die Liedboek kies om te sing of net te lees wat saam met hulle gebed sal dien as gesprek met God, nadat Hy met hulle gepraat het uit sy Woord.
- Laat hulle en hulle ouers onderneem om mekaar voortdurend te herinner om aktief te let op en deel te neem aan elke eredienste.
- Laat hulle die volgende gaan leer:
 - 'n Erediens is 'n gesprek tussen ons en God.

- God praat met ons deur die Skriflesing en die preek, en ons antwoord daarop met ons gebed en sang.
- Met ons sang loof ons God, ons bely ons skuld voor Hom, ons vertel van sy genade, en sê ook vir Hom dankie vir alles wat Hy vir ons doen en dat Hy vir ons sorg.
- Ons moet deelneem aan die erediens deur saam te sing en in ons harte saam te bid.
- Vir God gaan dit nie daaroor dat ons mooi kan sing nie, maar dat dit wat ons sing opreg is en uit ons harte kom.

AFSLUITING

Sluit af deur vir een van die kinders wat goed kan lees, te vra om Psalm 150: 1 in die Liedboek voor te lees en 'n gebed te doen.

*Prys die Here, almal, kom,
loof Hom in sy heiligdom.
Prys Hom met die harp en lier
hier op aarde, prys Hom hier.
Prys sy daede sterk en kragtig.
Sing jul loflied in 'n koor.
Jubel so dat almal hoor:
Hy is groot en Hy is magtig.*